**Skriflesing:** 1 Johannes 3:1-10
**Tema:** Kinders van God leef reg.

Die groot gevaar vir ons as kerk is dat die verskil tussen lig en duisternis verdwyn en ons leer en lewens inmekaar vloei in grys areas. Dit terwyl die Bybel duidelik onderskei tussen lig en duisternis.
In 1 Johannes 3:10 word onderskei tussen "kinders van God" en "kinders van die duiwel."
In Markus 9:40 sê Jesus: "Wie nie vir ons is nie, is teen ons."
In Openbaring 3:15-16 waarsku die Here die gemeente van Laodisea: "15Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! 16Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg."

Wie is ons? Wie wil Here hê dat ons moet wees?
Ons is mense van die lig. Ons is warm gelowiges. Ons is kinders van God. Ons hemelse Vader het ons nuwe geboorte bewerk. Hyself het ons sy kinders gemaak.
Hy het sy Seun gestuur en Hy het die werk van die duiwel tot niet gemaak. Jesus Christus het ons sondes weggeneem. Die Heilige Gees in ons maak ons lewens nuut.

Hy noem ons in die gelese gedeelte 4 maal sy kinders. Kind van God wees is 'n wonderlike geloofswete, maar dit is meer as dit. Dit is ook 'n manier van lewe. Hy maak ons lewens, soos Jesus se lewe, skoon.
Hoe verstaan ons 'n skoon lewe soos 1 Johannes 3:9 beskryf? "9Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is."
Kan ek en jy heeltemal sonder sonde wees?
Dit kan wees dat hier verwys word na die sondes van die dwaalleraars. Hul erken nie Jesus as Seun van God wat opgestaan het en ons Verlosser is nie. Hulle leer dat al wat belangrik is, is dat mense God sal liefhê. Dit is nie so belangrik dat hulle ander mense sal liefhê nie. Hierdie sonde en dwaalleer is nie deel van ons lewens nie.

Ons leer in 1 Johannes 1:8-9 dat ons nie sondeloos is nie: "8As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. 9Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."
Wie aanhou leef in sonde, ken nie die Here nie. Wanneer ek my lewe in geloof aan die Here oorgegee, stel Hy my instaat om die ou mens te kruisig. Ek is nie langer 'n ou sondige mensie nie, ek is 'n verloste sondaar.
Ek is 'n nuwe mens. Jesus maak ons as nuwe mense al meer soos Hy. Nou wil ek nie meer sonde doen nie.
Die beste manier waarop ek dit kan verduidelik is met die voorbeeld van 'n skaap en 'n vark. 'n Vark se natuur is vuil en modder. Dit is wie 'n vark is. Hy vind hom tuis daarin. 'n Skaap beland soms in modder, maar hou niks daarvan nie. Modder (sonde) is nie 'n skaap se leefstyl nie. Ons is nie langer varke nie, skape van ons hemelse Herder!

**In die krag van die Here en gevul met die Heilige Gees is my lewe nie net al meer skoon en sonder sonde nie, ons is kinders van God wat die dinge doen wat vir God reg is.**

Ons lees in 1 Johannes 3:23-24 wat vir God reg is: “[23]En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. [24]Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.”

Toit herinner my Dinsdag aan die volgende getuienis oor ‘n lewe wat nou vir God reg is.

Op 24 Desember 1996 was die winkels in Worcester bedrywig soos mense op die nippertjie Kersgeskenke gekoop en die laaste kruideniersware vir hul Kersetes gekry het.

In die Shoprite-winkel ontplof daar ‘n bom. 4 mense sterf, 3 van hulle is kinders. Die bomplanter is die 17 jarige Stefaans Coetzee, beter bekend as die Wit Wolf. Hy was aanvanklik ontstel dat net vier mense dood is.

Die verhaal van Stefaans Coetzee, nou 46 jaar oud, die eens gehate Worcester-bomplanter, is vervat in die boeke: “Wit Wolf” en “Onbeskryflike Genade.”

Coetzee vertel dat hy 6 jaar oud was toe sy ma vir hom geld gegee het om lekkers by die winkel te gaan koop. Toe hy terugkeer, was sy weg. Coetzee se pa moes daarna alleen na hom en sy drie sussies omsien, maar sy pa se alkoholverslawing het uiteindelik daartoe gelei dat al vier kinders in die kinderhuis beland het.
Coetzee beskryf sy jare in die kinderhuis as veel erger as die 18 jaar agter tralies. "As jy tronk toe gaan, dan gaan jy soontoe oor jou eie verkeerde keuses. Dit is net jou eie skuld. Maar as jy in die kinderhuis beland, is jy onskuldig. En jy sit daar en wonder, hoe kan ek so sleg wees dat my ouers my nie wil hê nie? Hoe sleg moet ek wees dat niemand in hierdie hele wêreld vir my kan lief wees nie? En dit is veel erger as 'n straf wat jy gekry het deur jou eie toedoen," sê hy.

Coetzee se paaie as jongman het met verregse mense gekruis en dit het gelei tot die bomplanting waardeur hy soveel as moontlik swartmense wou doodmaak.

Coetzee is tot effektief 40 jaar tronkstraf gevonnis vir sy aandeel in die bomontploffings.

Agter tralies het Coetzee vir Eugene de Kock ontmoet. De Kock was die een wat die pad na versoening en vergifnis vir Coetzee oopgemaak het. Hy het hom ook oortuig om sy slagoffers en hul families om verskoning te vra, iets wat hy gedoen het.

Ek haal vir Stefaans Coetzee aan: “Dit het my jare geneem om te besef dat God nie ‘n god is wat verdeeldheid en haat bring nie. Dit het jare geneem om die ware God van liefde te vind en uiteindelik met Hom versoen te raak en reg te begin leef. Ek het 2 boeke geskryf sodat

mense die die krag en bevryding van vergifnis kan verstaan. Vergifnis is nie iets wat jy vir iemand anders doen nie, dit is ‘n geskenk aan jouself om jou los te maak van die verlede.

Die swaarkry in die tronk was nodig om my te breek. Ek was baie bitter en het 'n muur met bakstene van haat om my gebou. Ek kon God nie raaksien nie, want ek het in daardie stadium nie die ware God geken nie. Die god wat ek geken het, het ek gehaat. As ek nie tronk toe gegaan het nie, sou ek hel toe gegaan het, want ek was bitter."

Nou, 23 jaar later, is daar nie 'n sweempie van daardie wraaksugtige jong man by Coetzee te bespeur nie. Daar is 'n sagtheid in sy oë en rustigheid in sy stem wat ver verwyderd is van die wreedheid en paniek van daardie dag. Hy is geen monster nie, net 'n verkondiger van versoening en hoop.

Hy getuig: “Jy kan nie die verlede uitvee nie. Maar moenie jou eie tronk skep deur vas te hou aan jou verlede, of wat ander mense van jou dink, of dit wat iemand aan jou gedoen het nie. Jy is net ‘n mens. Vergewe jouself vir jou foute - soos wat die Here jou vergewe het - en gun jouself ‘n nuwe begin saam met Hom.”

Hy is getroud met Deirdré en hulle het 3 kinders. Soms sal iemand vir Deirdré vra: “Hoe voel dit om met die Wit Wolf, ‘n moordenaar, getroud te wees?”
Haar antwoord: “Ek ken hom nie. Ek ken net vir Stefaans.”

Kan jou man, vrou, kinders, ouers dit van jou sê? Ek ken nie die ou bitter mens vol kwaad en wraak nie, ek ken net die nuwe mens, gevul met die liefde en vrede van die Here.

Daar is geen grys middeweg nie. Die gevaarlikste plek is om lou te wees!
Wie is jy, ‘n mens van die lig of ‘n mens van die duisternis?
Is jy warmof koud?
Leef jy in die voetspore van die Groot Versoener of haat jy ander mense?
Is jy ‘n kind van God of ‘n kind van die duiwel?
Amen